JANUARIE / FEBRUARIE 2016

*"Roep My aan en Ek sal jou antwoord"* (Jer. 33:3)

# JAPANSENDING

## Geroep om te Dien

# DIE HUILENDE WINDE

Keiko is op 14 November 1943 gebore en het in Osaka opgegroei saam met ses broers en susters. Hulle het nie na die plaaslike tempel gegaan nie. "Ons is te arm om die tempel te besoek," het Keiko se ma vir haar kinders gesê. "Elke keer as ons soontoe gaan, kos dit geld. Net ryk mense kan dit bekostig om te aanbid!"

Haar moeder was ook bitter oor haar man wat die gesin gelos het en het die gode geblameer vir haar ongelukkigheid. Sy het haar kinders geleer om vir alles te steun op hulle innerlike krag. Sy was vasbeslote dat die kinders haar nooit moes sien huil of dat sy enige teken van swakheid toon nie. Maar eendag het dit alles verander.

Toe Keiko omtrent 10 jaar oud was, het 'n kragtige tifoon die gebied getref. Sy onthou nog die bevreesde uitdrukking op haar moeder se gesig toe die kragtige winde die ou lendelam houthuis heen en weer laat swaai het. Wanneer 'n vlaag wind kom, het hulle pale teen die pilare vasgedruk om te keer dat die huis rondswaai. Terwyl Keiko 'n paal teen die muur gehou het te midde van 'n sterk windvlaag, het sy geskreeu, ***"Kamisama tasukete kudasai"*** (O, God, help ons asseblief!). Eienaardig genoeg het die winde bedaar. Dit was die eerste keer wat Keiko gevoel het dat daar buite iewers 'n God moet wees.



*Keiko Takahara*

**Verteenwoordigers in Japan: DAWID & SUE VERWEY**

**7-40 MONZEN CHO**
**IKOMA CITY, NARA KEN**
**630-0266, JAPAN**
**Tel: 0081-743731754**
**Faks: 0081-743731681**
**www.japanmission.org**

**POSBUS 30106**
**WONDERBOOMPOORT 0033**
**Tel: (012)377-1533**
**083 719 0227**
**Faks: (012)377-1533**
**sa@japanmission.org**

**Indien u rapporte en gebedsversoeke vanaf Japan per E-pos wil ontvang, kontak asb jm@japanmission.org**

Sy het later gedink die beste kans wat sy het om hierdie God te ontmoet, sal op Nuwejaarsdag wees wanneer die meeste Japannese gaan om te aanbid. Sy het by die groot skare mense by die tempel aangesluit, 'n paar muntstukke in die offerandeboks gegooi, haar hande geklap om die aandag van die gode te kry en gebid, maar die ondervinding het haar leeg gelaat. Die God wat sy gesoek het, was nie daar nie. Sy het gou moeg geword om te soek en haar belangstelling om Hom te vind, het getaan.

Toe sy klaargemaak het met junior hoërskool het Keiko geld verdien om die huishouding te help deur lang ure te werk in 'n elektrisiteitsfirma, terwyl sy ook aandklasse bygewoon het. Haar ondervoede liggaam was ooreis en sy kon nie verstaan waarom sy so moeg voel nie.

Die maatskappy se dokter het aanbeveel dat sy X-strale laat neem. Die kort nota wat sy van die hospitaal ontvang het, het skokgolwe deur haar gestuur. Die diagnose was tuberkulose en die aanbeveling was onmiddellike hospitalisasie. Met oë vol trane het sy na die dokument gestaar. Sy het gevoel dit was die slegste dag van haar lewe.

'n Paar dae later nadat sy gehospitaliseer is, het sy haar negentiende verjaarsdag alleen, te midde van vreemdelinge, opgekrul op haar bed deurgebring. Haar vriend het haar besoek en gesê, hulle kan nie meer saam wees nie. Al haar toekomsdrome was verpletter en haar ellende was onbeskryflik. Hoe bitter was die lewe! Dag na dag was haar kussing nat van die trane.

Sy het daar 'n Gideon Nuwe Testament ontvang en dit begin lees. Die geslagsregister het vervelig gelyk. Toe sy van die wonderwerke van Jesus lees wat water in wyn verander en dat Hy op water loop, was sy ontsteld en kon nie verstaan hoe mense sulke verspotte bewerings glo nie. Ten spyte daarvan het sy tog die Bybel deurgelees.

Terwyl sy stadigaan haar kragte herwin het, het sy 'n belangrike byeenkoms in die hospitaal bygewoon. 'n Spreker van Japansending het haar geïnspireer en haar gehelp om te sien hoe dele van die Bybel relevant is ten opsigte van haar probleme. Sy besluit toe om die Bybel 'n tweede keer te lees om meer te leer van die waarhede. Hierdie keer het sy gevoel asof sy dit baie beter verstaan.

Alhoewel sy nie afhanklik wou wees van godsdiens vir haar behoeftes nie, het sy nogtans 'n drang gevoel om die Bybel vir die derde keer te lees. Matt. 11:28 het 'n groot impak op haar gemaak. Dit was asof Jesus daardie woorde vir haar gesê het! Terwyl sy steeds erg moedeloos gevoel het, het sy vasgehou aan die woorde van Jesus: ***Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee.***

Sonder enige hulp, terwyl sy in haar hospitaalbed gelê het, het Keiko haar hart vir Jesus gegee. Sy het haar laste vir Hom gegee en Hy het haar vrygemaak. Sy het 'n vrede ervaar wat sy nooit vantevore gevoel het nie.

'n Evangelis van Japansending het Keiko besoek en gesê: "Jy lyk anders." Keiko het gesê: "Ja, ek was baie moedeloos, maar Jesus het in my lewe gekom en my hele lewensbeskouing in 'n oogwink verander!"

Keiko het toe met 'n Bybelkorrespondensiekursus begin en geleer van sonde. Sy het nie gedink dat sy so sleg is soos die mense rondom haar nie, maar die kursus het haar hart se toestand duidelik openbaar en was sy 'n diep veroordeelde. Toe sy haar sonde bely, het sy verstaan wat die ware betekenis van die kruis is en hoekom Jesus sy bloed vir elke mens se sonde gestort het.

Daar het by Keiko toe 'n sterk begeerte ontwikkel om die Bybel te bestudeer. Terwyl sy gesien het hoe baie om haar baie siek is en besig is om te sterf aan tuberkulose, het sy vir die Here gesê dat as Hy haar gesond maak, sy Hom sou dien vir die res van haar lewe. Sy het nie gevoel sy kan 'n evangelis wees nie, maar sy weet sy kan kook en skoonmaak.

Dit was toe dat sy gevoel het die Here vra haar: "Selfs al herstel jy nie, is jy steeds gewillig om My te dien?" Sy het besluit om die Here te dien ten spyte van wat die toekoms vir haar inhou.

Sy het stadigaan herstel en nadat sy twee jaar in die hospitaal was, het die dokters haar gesond verklaar. Op 21-jarige ouderdom het sy by Japansending aangesluit. Sy het 'n brandende begeerte gehad om die Here te dien, derhalwe het Japansending haar gehelp om die Kansai Bybelkollege by te woon. Nadat sy gegradueer het, het sy begin uitreik na tuberkulosepasiënte wat ly net soos sy gely het. Baie behoort vandag aan Jesus, omdat Keiko hulle na Hom toe gelei het.

Yukio Takahara was 'n skerp jongman wat ook by Japansending gewerk het. Die Here het gou vir Keiko gewys, "Hy is die man met wie jy eendag gaan trou." Sy het dit in haar hart bewaar vir amper vyf jaar sonder om dit vir iemand te vertel. Toe sommer op 'n dag het mnr. Sato, 'n senior evangelis by Japansending, voorgestel dat hulle twee trou. Hulle is in April 1973 getroud en dien vandag nog die Here by Japansending.

"God het ons geleer hoe om te lewe en wys ons altyd wat om te doen," het Keiko gesê, terwyl sy terugdink aan die verlede. ***Ek is die Here jou God wat jou onderrig tot jou beswil, wat jou lei op die pad waarop jy moet gaan*** (Jes. 48:17).

**Bid asseblief** dat mnr. en mev. Takahara sal voortgaan om sterk en getroue getuies te wees teenoor hulle eie familie, sowel as diegene in die omliggende gemeenskap.



*Yukio en Keiko Takahara*

## DIE SENDING SE UITREIKINGS - "BID VIR ONS"

- Bybels en Leesstof
- Studente Uitreiking
- Bediening in Tronke
- Engelse Evangelisasie
- Oudiovisuele Uitreiking
- Hospitaal Evangelisasie
- Bejaardes Uitreiking
- Evangelisasie Byeenkomste

***ONS OPREGTE DANK EN WAARDERING*** **teenoor vriende wat bankinbetalings gedoen en ons laat weet het, en veral ook vir inbetalings wat ons nie kon erken nie. Ons trag om alle donasies persoonlik te erken, maar ongelukkig verskyn daar dikwels nie voldoende inligting op die bankstate nie.**

**▪ Sal u asb so goed wees om ons te laat weet as u nie 'n erkenning ontvang het nie en ook as u van adres verander.**

**Dit sal 'n groot hulp wees indien die donateur se NAAM en TELEFOONNOMMER duidelik op die Bank Deposito-strokie of Debietorder of Internet oorbetaling verskyn.**

**▪ Met opregte waardering erken ons die volgende bankinbetalings waarvoor daar ongelukkig nie voldoende inligting op die bankstate verskyn nie:**

**STANDARD BANK:- 2/10/2015, 13/10, 16/10, 20/10, 21/10, 30/10, 3/11, 4/11, 16/11, 19/11, 20/11, 21/11, 26/11.**

**ABSA BANK:- 1/10, 2/10 NLM, 4/10, 16/10 Bybels, 17/10, 18/10, 19/10, 22/10, 26/10, 27/10, 28/10 Bybels, 29/10, 1/11, 1/11 Brackenfell, 2/11 NLM, 2/11 Brackenfell, 2/11, 7/11 Polokwane, 9/11 Waverley, 10/11, 16/11 Vaal, 18/11, 18/11 Brackenfell, 19/11, 20/11 Bybels, 23/11, 26/11, 28/11 Brackenfell, 28/11 Bybels, 30/11/2015.**

**▪ Tjeks kan aan JAPANSENDING betaalbaar gemaak en gekruis word. Dit is egter nie veilig om banknote per pos te stuur nie. 'n Deposito kan direk in die Sending se bankrekening gemaak word by enige tak van STANDARD BANK of ABSA BANK of 'n debietorder kan gebruik word.**

**Nogmaals BAIE DANKIE, liewe vriende. Mag die Here u seën.**

**Naam van Rekening: JAPANSENDING**
**STANDARD BANK, Rek No 010 333 126, Tak No 014-845**
**ABSA BANK, Rek No 090 161 334, Tak No 334-645**

***JAPANSENDING, POSBUS 30106, WONDERBOOMPOORT 0033***
***Tel/Faks (012)377-1533 E-pos: sa@japanmission.org***
***(Art 21) Reg No 2006 /019264 /08***

# OPDATERING - JAPANNESE PERSONEEL

Die Here het Japansending voorsien van 'n span goed gekwalifiseerde, toegewyde en ervare Japannese werkers wat help om dinge vlot te laat verloop.

Die volgende personeellede werk as 'n span om evangelisasie, berading, Bybelstudie, literatuur, korrespondensie, kerkbekendstellings en die produksie van oudiovisuele materiaal te vergemaklik. Werkers help ook met administratiewe sake aangesien regeringsregulasies vereis dat Japansending verskeie wetlike verpligtings as 'n geregistreerde nie-winsgewende godsdienstige entiteit moet nakom.

Mnr. en mev. Takahara — Misa Shepard — Mev. Takemori
Mev. Yonekura — Mev. Fukunaga

Die volgende werkers koördineer hulle bydraes om 'n nuwe *Fontein van Vreugde*-traktaatjie elke maand te skryf en te publiseer. Omtrent 25 000 van hierdie traktaatjies wat 'n reddingsgetuienis bevat, word gestuur na menige kerk en individue dwarsdeur Japan en oorsee.

Mnr. en mev. Tamada — Mev. Takahara — Mev. Aihara
Mnr. en mev. Kodama — Mev. Kubomi — Mev. Kawabata

**Bid asseblief** vir sterkte, skeppingsvermoë, beskerming en wysheid. **Bid** dat die werkers deur die Heilige Gees bemagtig sal word om effektiewe getuies te wees en dat hulle ***"altyd gereed sal wees om 'n antwoord te gee aan elkeen wat van hulle (julle) 'n verduideliking eis oor die hoop wat in hulle (julle) lewe"*** (1 Petrus 3:15b).

# JAPANORAMA - NUWEJAAR IN JAPAN

Nuwejaar is 'n tyd wanneer mense na hulle tuisdorpe terugkeer om 'n paar dae te gaan geniet saam met hulle uitgebreide gesinne en deel te neem aan die tradisionele feestelikhede.

Baie bly op 31 Desember die heelnag wakker en begin met die eet van bokwietnoedels om sodoende te wens vir 'n lewe wat so lank sal wees soos die lang, dun noedels wat hulle eet.

Wanneer middernag naderkom, word die lug gevul met die diep klank van die tempelklokke wat gelui word. Die klokke word 108 keer gelui om die 108 menslike sondes volgens die Boeddhistiese geloof te simboliseer, en om ontslae te raak van 108 wêreldse begeertes met betrekking tot hul rede en gevoel. Tien miljoene aanbid by tempels en heiligdomme gedurende Nuwejaarsdag, alhoewel hulle dit waarskynlik nie deur die res van die jaar sal besoek nie.

Sonsopkoms op Nuwejaarsdag, so word geglo, het spesiale bonatuurlike magte, en gebed by die eerste sonsopkoms van die jaar het 'n populêre praktyk geword, aangesien 'n menigte mense op die heuweltoppe of strande met goeie uitsig op die sonsopkoms vergader om te bid vir gesondheid, voorspoed en geluk in die nuwe jaar.

**Bid asseblief** dat mense se oë sal oopgaan vir die Waarheid, terwyl ons getuig en die woord uitdra aan hierdie donker en verlore nasie.

# LOFPRYSING EN GEBED

Verskeie personeelveranderinge het onlangs plaasgevind waaronder een werker wat ons verlaat het en twee nuwes wat by Japansending aangesluit het. Ons prys die Here vir nuwe en goed gekwalifiseerde werkers. **Bid** vir voorspoedige veranderings, sterkte en insig vir elkeen:

1. Moi Samte het gevoel sy moet in Desember haar werk by Japansending na 5 jaar beëindig. **Bid** dat die Here haar sal seën, lei en beskerm, terwyl sy Sy wil soek oor haar toekoms.
2. Meljun Picardal het in Januarie vanaf die VSA by Japansending aangesluit om onderrig te gee in die Engelse Evangeliese Program. Hy help ook met verskeie oudiovisuele projekte.
3. Kim Ayars het in Januarie vanaf die VSA teruggekeer om onderrig gee in die Engelse Evangeliese Program. Sy het voorheen vir een jaar by Japansending gewerk as 'n KCS-onderwyser.

▪ Dawid Verwey het die volgende geskryf: "Die Here het ons geseën en gebede verhoor ver bokant ons verwagtinge, terwyl ons vir ongeveer nege weke Suid-Afrika besoek het. Baie dankie vir julle gebede vir Sy beskerming, terwyl ons op gevaarlike paaie gereis het. Ons het ongeveer 8 800 km afgelê sonder enige voorval! Die Here was baie goed vir ons op ontelbare maniere. Dit is altyd baie bemoedigend om gelowige en toegewyde mense te ontmoet wat getrou bid vir die werk in Japan. Dit laat ons weer eens besef wat 'n groot voorreg en groot verantwoordelikheid ons het om goeie rentmeesters te wees van die geleenthede wat die Here ons gee om aan te gaan met die werk in Japan. Ons wil van hierdie geleentheid gebruik maak om ook ons opregte dank te betuig aan elkeen wat betrokke was by die reëlings van die byeenkomste of akkommodasie. Ons waardeer dit opreg."

***▪ Indien u nie 'n Japansendingkalender vir 2016 ontvang het nie, of nog daarvan benodig, kontak asseblief ons kantoor in Pretoria en dit sal met graagte aan u gestuur word.***